Pretoria - 15 Feb. 2015

Skriflesing: Johannes 3:11-21; Openbaring 6:12-17
Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 20**
Teks: **Johannes 3:16; Openbaring 6:15-17**
Sing- Ps. 138:4; Ps. 68:16; Ps. 90:9

Johannes 3:11-21

Joh 3:11 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, en julle neem ons getuienis nie aan nie.
Joh 3:12 As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?
Joh 3:13 En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.
Joh 3:14 En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word,
Joh 3:15 sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Joh 3:17 Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.
Joh 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.
Joh 3:19 En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.
Joh 3:20 Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.
Joh 3:21 Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is.

Openbaring 6:12-17

Rev 6:12 En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;
Rev 6:13 en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;
Rev 6:14 en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;
Rev 6:15 en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,
Rev 6:16 en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;
Rev 6:17 want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

Nederlandse Geloofsbelydenis-Artikel 20

Artikel 20: God se regverdigheid en barmhartigheid in Christus

Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur sy allerbitterste lyding en sterwe dra. So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het, en só sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee, en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.

Heb. 2:14,. Rom. 8:3, 32; 4:25.

Skriflesing: Johannes 3:11-21; Openbaring 6:12-17
Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 20**
Teks: **Johannes 3:16; Openbaring 6:15-17**
Sing- Ps. 138:4; Ps. 68:16; Ps. 90:9

In artikel 19 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het ons die persone van Christus bely. Dit wat ons in die eerste Johannes-brief vanoggend aan wou vasgryp, dat Christus se goddelike natuur en sy menslike natuur kan op geen manier vanmekaar geskei word nie. In alles waarlik God, waarlik mens. In artikel 20 het ons steeds met Christus se volkome natuur as God en mens te doen, maar gaan dit in die artikel in meer besonderhede oor die werk van Christus. Alle klem val op wat God doen. In alles gaan dit om God se eer en God se heerlikheid.

Ons glo dat God sy Seun *gestuur het.* Hy wat die natuur moes aanneem waarin die ongehoorsaamheid begaan is. Verlossing het op geen manier by die mens kon begin nie. Ja, dit is ook nie dat Jesus na God die Vader gegaan het om Homself as Verlosser aan te dien nie. Née dit begin by God die Vader... Dit begin met wat ons in Joh 3:16 lees- ***16*** *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Jesus sê Self in Joh. 5:36 hoe besonder hierdie werk is wat moes plaasvind- *....die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.* GOD HET GESTUUR... daarvan hang alles af. God se sending.

***

Die sonde wat die mens in alles gedood het, ja dit lees ons in Ef. 2:1- ***1*** *En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes*... Misdade en sondes wat in die paradys begin het. Daar het die mens die totale vermoë verloor om tot enige poging by te dra as dit om ons roepe na hulp en oor ons verlossing gaan. Dit is wat ons in Art 14 ook bely het, die sonde het ons doodgemaak. Daarom dat ons in Gen. 3 die besondere roepstem van God moet voorop plaas as dit God is wat na die mens roep, ná die mens naak en skaam gaan wegkruip het. God tree in alle geval eerste op deur die mens te vra- *Waar is jy?*

***

Ons belydenis stel God se barmhartigheid en God se regverdigheid as die volmaakte. Dit kan ook nie teenoor mekaar gestel word nie. Nooit mag ons die twee teenoor mekaar afspeel nie.

Volkome barmhartig en regverdig... Opmerklik dat ons nêrens enigiets teëkom dat God ooit gesê het dat Hy na die sonde en sondeval die mens aan sy eie lot wou oorlaat nie. Dit het nooit eers by God opgekom om ons alleen te los nie. Dit is wat God se barmhartigheid maar ook God regverdigheid die volmaakte maak.

Volmaakte, volkome barmhartigheid en geregtigheid was dadelik na die sonde ter sprake. Heeltyd tree God in belang van die verlore mens op. God handel direk deur sy geregtigheid teenoor sy Seun te betoon deur ons sondelas op sy Seun te lê. Dit wat die sondaar verdien dit word oor Christus uitgestort. God se geregtigheid wat in alle geval sou eis dat daar geen enkele sonde mag wees wat ongestraf gelaat word nie. Alles moes aan die reg van God voldoen. Hier bely ons saam met die Kategismus Sondag 4 V/A 11 **God is wel barmhartig maar Hy is ook regverdig. Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word - dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.**

****

As ons eerlik met onsself wil wees, ons toets onsself aan die hand van die belydenis, wat ons in alle geval ons lewe lank moet doen, dan is dit of onsself makliker met God se genade, met sy liefde, met sy barmhartigheid omgaan, ons assosieer makliker met liefde, in vergeleke om jouself te konfronteer met wat is God se reg in die saak. Dit moet goed deurdink word. God se volkome geregtigheid wat op ons moet afkom.

Daar sal seker ook diegene wees wat daaraan dink maar kan God ons nie maar oorgesien het nie, deur ook nie so streng te wees en nie sy Seun te straf oor ons sonde nie?! Wie dit oorweeg moet besef dan is God nie meer volmaak regverdig nie. Die reg waarin God Self moes voldoen is tog eerstens dit wat God aan Homself moet voldoen. Immers God se eer en God se heerlikheid was aangetas. Wanneer die geregtigheid teenoor die Allerhoogste majesteit van God enigsins as iets buigbaar, iets veranderbaar moes word, dan was dit geen volkome reg meer nie. Daarom dat daar moes gestraf word. Laat daaroor by ons geen twyfel wees nie.

Terselfdertyd as die mens die volle konsekwensies moes dra van wat die mens se sonde werklik in hierdie wêreld ingedra het, dan is daar geen mens wat werklik hierdie straf sou kon dra nie.

Dit is so groot, so swaar die prys wat daar betaal moes word, dat mense in die besef hiervan bid om ’n aardbewing. Berge val op ons, heuwels bedek ons, in wat ons as die werklike konsekwensies van ons skuld moet kan insien. As jy die werklike omvang van die toorn van God besef, dan is die woorde in Op.6:15-17 heel in groot letters voor ons en oor ons geskrywe: ***15*** *en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,* ***16*** *en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;* ***17*** *want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?*

Daarom bly dit in die deel van die belydenis die brandende vraag- Ons kan die toorn van God nie uitdaag of bevraagteken of versag nie. Die woord aan Adam gespreek dat as jy oortree dan sal jy sterf, wie van hierdie vrug eet, sal sekerlik sterwe. Weë die mens wat dit probeer versag. Die swaarste straf, die ewige straf, die straf aan liggaam en siel bly heeltyd ter sprake.

Daarom dat ons die volle aandag op God se reg moet plaas, maar die Nederlandse Geloofsbelydenis laat ons nie hierby in die wildernis nie. Op Christus, die tweede Adam is die sondelas gelê, dat God sy barmhartigheid en sy goedheid oor die mens kan uitstort, wat niks van hierdie goedheid en barmhartigheid volkome kan begryp, dit nog minder kan verdien. Soos die Nederlandse Geloofsbelydenis dit stel, ons wat skuldig was en die ewige dood verdien, ons word deur God se volmaakte liefde tegemoetgetree.

Ons word ingelei deur God ook van die ander kant te aanskou. Dit wat Christus in Joh.14:9 sê word wonderlik waar- *Hy wat my gesien het, het die Vader gesien...* Die ander kant van die aangesig van God sien ons in Jesus Christus. Tog is dit maar dieselfde Vader met dieselfde aangesig. God wat ons in art 1 Nederlandse Geloofsbelydenis al bely het, as ’n eenvoudige wese geken kan word, eenvoudig in die sin dat Hy enkelvoudig is, daar is geen teëspraak of gedeeldheid by God nie. Sy toorn en sy liefde is nie in teëspraak met mekaar nie. Hy die regverdige wat die sonde met die die regmatige oordeel straf, maar Hy is ook die liefderyke wat dit aan sy eniggebore Seun straf. Omdat Hy ons lief het, wil Hy ons spaar. Weereens Joh. 3:16-

16 *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

Daarom dat ons dit vandag ook uit ons belydenis duidelik maak, as daar een ding is wat ons nie kan begryp nie, dan is dit hoe kan God my so lief het. Wie is God en wie is ek werklik. Hy wat 'n verterende vuur is, 'n ewige gloed en ek is werklik skuldig, in elke opsig skuldig. Tog het Hy Wie God is vir u en my lief. Hy het sy liefde klaar kom bewys. Dan kom die woorde in Rom 8:31- 32 ons ook nog toe-- ***31*** *Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?* ***32*** *Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?*

Ons besef waar God se wraak, God se toorn en God se liefde nie teenoorgesteldes van mekaar is nie, die twee kanselleer mekaar nie uit nie, waar dit nooit daaroor gaan dat God se liefde sy reg kon uitkanselleer nie, of dat God se reg sy genade kon uitkanselleer nie. Nee beide God se reg en God se genade moes die volle aandag kry.

Dit stel art 20 Nederlandse Geloofsbelydenis baie duidelik. Juis omdat God reg is in al sy weg en werk, daarom moes sy toorn uitgestort word, maar net soveel omdat God genadig is, het God nie sy volle toorn oor die mens uitgestort nie, God het hierdie volle toorn oor Christus uitgestort. Ja, ons sien in die taal van ons belydenis, ons hoor elke keer dinge wat volkome uitgestort moes word. Wanneer hierdie uitstorting mekaar ontmoet, dit is alles een groot rivier wat 'n geweldige waterval laat benede stort, dan kan ons daaronder daar waar die water weer rustig bymekaarkom, daar kan ek sien, Wie die God werklik is.

Barmhartig en regverdig, Hy wat naby jou wil kom. Ons word ingesluit in sy volmaakte liefde. Leef daarin en leef daarúít, omdat ons glo in Jesus Christus. Die God van die Ou Testament is dieselfde God as dié van die Nuwe Testament. Dit is verskriklik om te dink daar is mense wat voorgee die God van die OT is die harde God wat straf en sy reg opeis terwyl die God van die NT dan meer die genadige God is, vol deernis en ontferming, Wie se liefde meer is as sy straf. Wie so dink is met 'n verskriklike dwaling besig. Die God van Genesis 3 is dieselfde genadige God wat die mens op grond van sy geregtigheid die paradys uitdrywe, maar wat die mens dan

tegemoetkom met sy stem wat roep en sy kleed wat bedek. Hy wat sy genade betoon deur Christus na die aarde te stuur - Luk. 2- maar dan gaan die sending verder. Hy wat sy geregtigheid betoon deur Christus na die kruis te stuur. Luk. 23. Luk. 2 en Luk. 23 kom bymekaar... In sy genade is God regverdig en terwyl Hy regverdig is, is Hy weer genadig. Dit is Wie God is... **volkome barmhartig en (volkome) regverdig...** Dit alles in aansluiting by wat art 1 ons al bely het... **Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.**

AMEN